DIE "NEW AGE MOVEMENT"

Japie Grobler

Vir ’n tydlank het ons stilgestaan by kultes wat Christene so maklik verwar omdat hulle so baie na die Christendom lyk, daarom dat daar dan ook na hulle as pseudo-christelike groepe verwys word. Hierdie maand gaan ons na ’n baie groot beweging kyk waarmee ons in sy verskeie gedaantes in ons alledaagse lewe te doene kry waarvan die invloede wat, ironies genoeg, geleidelik deur Christene aanvaar word op alle terreine van die lewe opgemerk kan word. Nie een van die volgende word onaangeraak gelaat nie: Omgewing, Opvoeding, Ekonomie, Handel en Nywerheid, Regering en Politiek, Persoonlike Ontwikkeling en Groei, Sosiale Aangeleenthede en Menslike Regte, Media, Kunste en Vermaak, Gesondheid, Wetenskap en Tegnologie, Gesin en Kommunikasie, Interkulturele Verhoudings en Godsdiens en die Geestelike.

Wanneer vir iemand gevra word wie of wat hy dink die *New Age* is, dan kry mens uiteenlopende antwoorde. Daar word ook van die *Nuwe Era Beweging* gepraat, maar eintlik is daar nie regtig ’n Afrikaanse term vir die benaming *New Age Movement* nie. Om te verneem wat die *New Age* is sal dit ons seker betaam om na *New Agers* te luister: "We are at the dawn of what is being heralded as the *New Age*, and that simply means that we are moving actually from the forcefield of one particular constellation which influences the planet for about 2 000 years into the forcefield of another, and we're moving into the forcefield of Aquarius. This will result in an ascension in vibration on the planet where we are moving from more of a third dimensional physical reality into a more rarified fourth dimensional reality of perfection and harmony."

New Agers glo dat die verskillende sterrestelsels—die sogenaamde astrologiese gordel (die tekens van die Zodiac) die aarde beïnvloed en beheer. Hieruit is dit duidelik dat astrologie—"jou toekoms in die sterre"—dus sentraal moet staan in hulle *teologie*. Volgens hulle is die aarde tans besig om vanuit die "teken van die vis" (Christus) na die "teken van Aquarius (die waterdraer) te beweeg. Dit beteken die verskyning van ’n nuwe messias, want Jesus *wat die Christus geword het*, was die messias vir die visse-era. Hierdie nuwe messias, wat deur ’n groot *New Ager*, Benjamin Crème, Maitreya genoem word, sal eersdaags sy verskyning maak. Sy beweging het selfs sover gegaan om dit wêreldwyd in verskeie koerante reeds in 1982 (die Rand Daily Mail in SA) aan te kondig onder die opskrif: "**THE CHRIST IS NOW HERE.**" Ons lees onder andere: "At the center of this 'Spiritual Hierarchy' stands the World Teacher, *Lord Maitreya*, known by Christians as the *Christ*. And as Christians await the Second Coming, so the Jews await the *Messiah*, the Buddhists the fifth *Buddha*, the Muslims the *Imam Madhdi*, and the Hindus await *Krishna*. These are all names for the same individual. His presence in the world guarantees there will be no third World War." (Kursief in oorspronklike.)

Die *New Age* konsep van ’n nuwe wêreld is vervat in die **Inleiding** van die *Humanistiese Manifes* wat lank gelede al deur die Verenigde Nasies aanvaar en onderskryf word sowel as deur die Amerikaanse Onderwysstelsel aanvaar word: "We stand at the dawn of a new age…Using technology wisely, we can control our environment, conquer poverty, markedly reduce disease, extend our life-span significantly, modify our behavior, alter the course of human evolution and cultural development, unlock vast new powers…The ultimate goal should be the fulfillment of the potential for growth in each human personality—not for the favored few, but for all humankind. Only a shared world and global measure will suffice." Hiermee saam enkele van die leerstellings uit die Manifes: **Eerste**: "We believe…that traditional dogmatic or authoritarian religions that place revelation, God, ritual, or creed above human needs and experience do a disservice to the human species…We find insufficient evidence for belief in the existence of a supernatural…as non-theists, we begin with humans, not God, nature, not deity…No deity will save us; we must save ourselves." **Tweede**: "Promises of immortal salvation or fear of eternal damnation are both illusory and harmful. They distract humans from present concerns, from selfactualization, and from rectifying social injustices." **Elfde**: "…Innovative and experimental forms of

education are to be welcomed." **Vyftiende**: "…Hence extreme disproportions in wealth, income, and economic growth should be reduced on a worldwide basis." (Soos aangehaal in Johanna Michaelsen, *Like Lambs to the Slaughter*, Harvest House, 1989:25-28)

'n Ander *New Ager* sê vir ons waaroor dit gaan: "We are in the process of creating a new world religion that is much more creative and multi-coloured and it's a religion where we became in direct communication with the divine." Wie hierdie god is, was deur "Supreme Master Ching Hi" op die Parlement van Wêreldgodsdienste in Desember 1999 in Kaapstad aan ons gesê: "We should not call ourselves human being actually. We should call ourselves *The Walking God, The Living God, The Replica of God, The Essence of God, The Part of God or the Part of the Whole of God, or the Individualised God, or the Supreme Master, The Almighty*. This is what WE are." Hierdie gedagte dat die mens G[g]od is, begin en eindig nie hier nie. Nee! Dit het sy oorsprong in die Tuin van Eden: "Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken." (Gen 3:4-5) Bekende prediker Benny Hinn ondersteun hierdie lering: "Now, are you ready for some real revelation knowledge? Kenneth Hagin has a teaching. A lot of people have problems with it, yet it is absolute truth. Kenneth Copeland has a teaching. Many Christians put holes in it, but it is divine truth. Hagin and Copeland say, 'You are God!'" Morris Cerullo, ook 'n bekende Charismatiese evangelis, stel dit so: "When we stand up here brother, you're looking at God, you're looking at Jesus…" (Video in my besit.)

Gevolglik is dit niks snaaks om bekendes soos Shirley MacLaine te hoor sê, "Ek weet dat ek bestaan, daarom IS EK. Ek weet die God-bron bestaan. Daarom IS DIT. Aangesien ek deel is van hierdie krag, daarom IS EK wat EK IS." Kyk nou gerus na Eksodus 3:13-15. 'n Oosterse guru, Swami Muktananda, stel dit so: "Kniel voor jouself neer. Eer en aanbid jouself want God is in jou." Dit maak Romeine 1:25 so waar: "Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. (Onderstreping myne.) Lees gerus hierdie hele hoofstuk vir konteks en nog baie meer duidelikheid. Hierdie idee word, of sal nog, deur die skole gepropageer word, aldus Walene James: "For too long school have been containers: holding places for keeping the young off the streets and out of the labor market. In the New Age, they shall, I hope, be temples, where human beings are nurtured into recognition and application of their divinity." (Aangehaal in Michaelsen:33)

Die invloed van die *New Age* kan op alle terreine van die lewe opgemerk word. Voor ons dit kortliks bespreek laat ons net die gevolg van bogemelde gedagte dat die mens G[g]od is oorweeg. Hoevele kere het ons nie al op een of ander manier gehoor dat, en dan word daar nogal na die Bybel gegryp, "jy tot alles in staat is" nie? Dit wat jy droom of kan visualiseer kan jy kry—jy skep jou eie realiteit. Dink bietjie mooi hieroor! Verkondig dit nie die gedagte dat die mens G[god] is nie—S[s]kepper? Ek kan jou een ding verseker: Ek het al allerhande mooi beelde in my gedagte geskep en vasgehou daaraan, maar sonder sukses—ek wag nog steeds vir my Mercedes, wat ironies genoeg met die pryse van motors vandag al meer in die droomwêreld waaruit dit kom vervaag. Nou weet ek hierdie ouens sal vir my sê dat dit nie 'n sterk genoeg begeerte was nie—ek is dus self die oorsaak dat ek faal (skuldgevoel word gekweek), maar nou-ja. Wie van u kinders wat ernstig na werk soek het nie al gedroom en gevisualiseer hoe hy/sy hierdie of daardie werk waarvoor hy/sy baie hard gestudeer het kry nie, en tog—sit hy/sy vandag nog steeds óf in die verkeerde werk óf selfs werkloos. Onbevoegde S[s]kepper!

Ons moet mekaar liefhê, vergewe en verdra hoor ons elke dag—humanisme lê aan die wortel. Almal is mos EEN. Eintlik aanbid ons op die uiteinde almal maar dieselfde God. Alle paaie lei uiteindelik na dieselfde uiteinde. Hierdie versoeningsgedagte se invloed sien en hoor ons daagliks op TV, radio en lees ons van in die media. Ons is mos een nasie (ala Reënboog—"Simunye! We are one!") en die Afrikagodsdienste se invloed en kultuur moet deurgevoer word na alle terreine van die Suid Afrikaanse. Sangomas, toordokters en tradisionele genesers word deur mediese fondse erken en witmense, ja selfs Afrikaners en Gereformeerdes raadpleeg sangomas, toordokters en tradisionele genesers vir hulle mediese

en geestelike kwale. Die Sigeunervrou met haar kaarte, kristalbal, teeblare of palmlesery in die karavaan op die hoek is nie meer genoeg nie. Psigiese genesers en holistiese medisyne is "in" en die metodes van sangomas, toordokters en tradisionele genesers word hoog aangeslaan en beland nou saam met homeopatie in dieselfde kamp—alternatiewe medisyne. Deur die raadpleging of gebruik van hierdie metodes en prosedures kan jy jou ooplaat vir allerhande ander nadelige gevolge waarvan die gevare net eenvoudig nie besef kan word nie. Ander praktyke wat nadelige okkultiese invloede tot gevolg kan hê is dinge soos: Akupunktuur, refleksologie, aroma terapie, hipnose, Reiki, aura manipulasie, iridologie, kinesiologie, pendulum en joga, om net ’n paar te noem, maak almal daarop aanspraak dat die energievloei in die liggaam wat as ki, chi, prana ensovoorts bekend staan herstel en in balans gebring moet word.

Die televisie speel ’n belangrike rol in ons lewens en die van ons kinders. Let maar op hoedat hierdie *New Age* gedagtes en teorieë op allerhande subtiele wyses deur middel van kinderprogramme die gedagtewêreld en verwysingsraamwerk van ons kinders stadig maar seker beïnvloed. Neem gerus die tyd en kyk en luister fyn na baie van hierdie programme.

Die onderwys is ’n ander manier om kinders sommer vroeg in hulle jong lewens met hierdie teorieë te verander, sodat hulle die volwassenes word wat die Nuwe-Wêreldgodsdiens wil hê. "Education is thus a most powerful ally of Humanism and every …. public school is a school of Humanism. What can theistic Sunday schools, meeting for an hour once a week, and teaching only a fraction of the children, do to stem the tide of a five-day program of humanistic teaching." (CF Potter, *Humanism, A New Religion*, 1930, soos aangehaal in Michaelsen:17) Kyk maar na die handboeke en sien of daar nie dinge in voorkom soos, mandalas, visualisering en meditasie of dat hulle die opdrag kry om hulle sterreteken na te vors nie. Let op hoedat die Christelike waardes verdring word, met gedagtes soos om saam te gesels oor ons verskille en te kyk waar ons kan saamstem oor dit wat ons saambind. Die empiriese reg en verkeerd maak plek vir dit wat vir jou waar of reg is: "…morality's harmful perversion [and] the concepts of right and wrong should be done away with." Aldus Dr Brock Chisholm hoof van die Wêreld Gesondheidsorganisasie van die Verenigde Nasies. (Aangehaal in Michaelsen:19) Tydens sy afskeidstoespraak by die VVO het U Thant destydse Sekretaris-Generaal die volgende gesê: "Global education must prepare our children for the coming of an interdependent, safe prosperous, friendly, loving, happy planetary age as has been heralded by all the great prophets. The real, the great period of human fulfillment on planet Earth is only now about to begin." (Aangehaal in Dave Hunt, *The Occult Invasion*, Harvest House Publishers, 1998:566) "The basic goal of education is change…human change in desireable directions…This issue…focuses attention upon the school as a change-agent…and the specific focus is on changing people." (Barbara Morris, *Change Agents in the Schools* aangehaal in Michaelsen:22)

Ouers wat werklik daaroor besorgd is en wil verseker dat hul kinders die Christelike geloof, normes en waardes aanhang, sal moet ophou om op die kerk te vertrou om dit te doen. Nee Deutoronium 6:6-8 sal weer ernstig opgeneem moet word: "Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte." Kinders moenie eers in kategese en veral in die finale jaar met Jesus kennis maak nie. Hy moet Hom in sy ouerhuis en die lewe van sy ouers sien en ervaar. "Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie." (Spreuke 22:6)

Meer oor die verskillende aspekte wat hierbo genoem is op volgende geleenthede.

Indien u meer wil hoor en werklik ingelig wil word doen moeite en kom woon die VCHO se Onderwysseminaar vir onderwysers, ouers en kinders by op 16 September te Hoërskool Pro Arte, Pretoria vanaf 08:15-17:00. Koste R50,00 per persoon wat tee/koffie en middagete insluit. Navrae en besprekings: Tel 012-460-6117/5899, Mev Malan. Besprekings sluit 31 Augustus. **********